higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR-VLAK 3

6 Desember 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 (a) regerings-
(b) uitvoerende

(2 × 1) (2)

1.2 (a) gesag
(b) ondersteuning
(c) wet

(3 × 1) (3)
[5]

VRAAG 2

NOTA AAN DIE ASSESSOR: Lees die antwoord saam met die vraestel. Enige toepaslike motivering wat vals stellings weerlê, is aanvaarbaar. Motiverings wat direk van die vraestel oorgeskryf is, is nie aanvaarbaar nie.

2.1 Waar✓ (1)

2.2 Onwaar ✓– Die wetgewer is vanweë sy samestelling, funksie en aard nie op sigself geskik om as 'n wetsimplementerende liggaam te funksioneer nie✓ (2)

2.3 Waar✓ (1)

2.4 Waar✓ (1)

2.5 Onwaar ✓– Transnet is 'n groot Suid-Afrikaanse spoor-, hawe- en pypleidingmaatskappy.✓ (2)

2.6 Waar✓ (1)

2.7 Onwaar ✓– Hoofmanskap word deur die Wet op Tradisionele Leierskap bepaal✓ (2)

2.8 Onwaar ✓– Regeringsklusters is groeperings van staatsdepartemente met kruisbelangprogramme.✓ (2)

2.9 Onwaar ✓– Alle ministers is individueel en kollektief aanspreeklik teenoor beide die president EN parlement vir die administrasie van die portefeulje wat aan hulle toevertrou is.✓ (2)

2.10 Waar✓ (1)
[15]

VRAAG 3

3.1 B
3.2 F
3.3 I
3.4 D
3.5 E
3.6 H
3.7 A
3.8 J
3.9 G
3.10 C

(10 × 1) **[10]**
TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Verseker belyning van regeringswye prioriteite.
- Fasiliteer en moniteer die implementering van prioriteitsprogramme.
- Verskaf 'n raadplegende platform oor kruisprioriteite en sake wat na die kabinet geneem word. (3)

4.2
- 8 metropolitaanse munisipaliteite
- 44 distriksmunisipaliteite
- 205 plaaslike munisipaliteite (3)

4.3 Plaaslike rade wat hul munisipale en uitvoerende gesag deel (1)

4.4
- Die strategie teen verkragting
- Implementering van die Wet op Gesinsgeweld
- Kapasiteitsbouprogramme teen jeugmisdaad (3)

[10]

VRAAG 5

5.1
- President
- Adjunkpresident
- Ministers van die kabinet (3)

5.2
- Die persoon wat die laagste aantal stemme kry, word uitgeskakel.
- Indien daar na die stemming meer as een kandidaat oorbly, word 'n verdere stemming gedoen.
- Weereens word die persoon met die laagste aantal stemme uitgeskakel. (3)

Kopiereg voorbehou

5.3
- Oorweeg, aanvaar, wysig of verwerp enige wetsontwerp voor die wetgewer.
- Inisieer of berei wetgewing voor, behalwe vir geldwetsontwerpe
- Verseker dat alle provinsiale uitvoerende owerhede in die provinsie aan hom aanspreeklik is.
- Handhaaf toesig oor die uitoefening van provinsiale uitvoerende gesag in die provinsie en enige provinsiale orgaan van die staat. (4)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Misdaadvoorkomingsvennootskap (1)

6.2 **NOTA AAN ASSESSOR: Enige EEN van die volgende:**

- Maatskaplike misdaadvoorkoming
- Gemeenskapspolisiëring
- Reserviste
- Sektorpolisiëring (1)

6.3 Die vennootskap met die regering groei steeds met betrekking tot aanvaarding, invloed en internasionale erkenning as 'n unieke en doeltreffende benadering om misdaadbekampingstrategieë te implementeer. ✓Hierdie NRO bestuur verskeie projekte om die SAPD by te staan met die bekamping van misdaad.✓ Enige toepaslike voorbeeld van 'n inisiatief sal aanvaarbaar wees. ✓ (2 + 1) (3)

6.4
6.4.1 Publieke vervoer
6.4.2 Toegang tot/misbruik van alkohol
6.4.3 Gebrek aan werksgeleenthede
6.4.4 Toegang tot wapens
6.4.5 Leë/ongebruikte grond.
6.4.6 Onderwysdepartement, skole, vrouegroepe, NRO's
6.4.7 Welsynsdepartemente, verordeninge
6.4.8 Beplanners, argitekte
6.4.9 SAPD Regstelsel
6.4.10 Misdaadfaktore

(10 × 1) (10)

[15]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Interregeringsgeskil (1)

7.1.2
- ’n Staatsorgaan wat by ’n interregeringsgeskil betrokke is, moet alle redelike pogings aanwend om die dispuut te besleg deur meganismes en prosedures wat vir daardie doel voorsien is, te gebruik en moet alle ander remedies uitput voordat hy ’n hof nader om die dispuut te besleg.
- Indien 'n hof nie tevrede is dat aan bogenoemde vereistes voldoen is nie, kan dit 'n geskil na die betrokke staatsorgane terugverwys. (2)

7.2 7.2.1 Die gebruiklike instellings of strukture, of gebruiklike stelsels of prosedures van bestuur, wat deur tradisionele gemeenskappe erken, gebruik of beoefen word. (1)

7.2.2 Dit is van toepassing wanneer 'n tradisionele leier gesag of 'n gebied van jurisdiksie het, ✓waaronder senior tradisionele leiers gesag ingevolge gewoontereg uitoefen.✓ (2)

7.2.3 **NOTA AAN ASSESSOR: Enige DRIE van die volgende:**

- Verteenwoordig tradisionele leierskap en hul gemeenskappe.
- Bevorder die aspirasies van die tradisionele leierskap en hul gemeenskappe op nasionale vlak.
- Bevorder die belange van provinsiale huise van tradisionele leierskap, tradisionele leierskap en hul gemeenskappe op nasionale regeringsvlak.
- Neem deel aan internasionale aangeleenthede wat te doen het met gebruike, tradisies en sake van gemeenskaplike belang en beïnvloed regeringswetgewende prosesse op nasionale vlak. (3)

7.3 7.3.1 **NOTA AAN ASSESSOR: Enige EEN van die volgende:**

<u>Die begeerte om 'n misdaad te pleeg</u>:
- Sommige kriminoloë en sielkundiges is van mening dat 'n persoon gebore kan word met die begeerte om misdade te pleeg. ✓
- Die manier waarop ‘n persoon grootgemaak is, speel 'n belangrike rol in hulle begeerte om misdade te pleeg wanneer hulle die jeugdige of volwasse stadium bereik.✓

Die geleentheid om 'n misdaad te pleeg:
- ’n Misdaad kan slegs gepleeg word indien die geleentheid bestaan om so ’n misdaad te pleeg.✓
- 'n Persoon kan die begeerte hê om 'n misdaad te pleeg, maar as die geleentheid om so 'n misdaad te pleeg nie bestaan nie, kan so 'n persoon nie 'n misdaad pleeg nie.✓
- As 'n persoon wat nie 'n misdaad wil pleeg nie die geleentheid het om 'n misdaad te pleeg, kan hy of sy in die versoeking kom om die geleentheid te benut en daardie misdaad te pleeg, al sou hy of sy dit andersins nie gepleeg het nie.✓

Kombinasie van 'n begeerte en geleentheid:
- Dit is duidelik uit bogenoemde voorbeelde dat beide die begeerte en die geleentheid om die misdaad te pleeg moet bestaan voordat 'n misdaad suksesvol gepleeg kan word.✓

(3 × 1) (3)

7.3.2 **Nota aan assessor: Enige DRIE van die volgende:**

- Ekonomiese spanning en tekort
- Lae onderwysvlakke
- Hoë koerse van verstedeliking
- Multikulturele samelewings
- Hoë vlakke van wapeneienaarskap
- Hoë vlakke van dwelmmisbruik
- Uitspattige lewenstyl
- Bevolkingstrukture
- Lande in sosio-ekonomiese en politieke oorgang
- Risiko van herhaalde slagofferskap

(3 × 1) (3)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 8

NOTA AAN ASSESSOR: Antwoord moet in tabelvorm wees soos hier onder aangedui. Laat toe vir die student se eie interpretasie van die vraag sowel as toepaslike voorbeelde.

Enige TWINTIG punte van die volgende – geen punte word vir opskrifte gegee nie. [20]

			Drie Arms (Trias Politica)		
			Wetgewer	**Uitvoerend**	**Regbank**
Drie sfere van regering	**Nasionaal**	**Samestelling**	Parlement (verkies deur nasionale verkiesing): Nasionale Vergadering (NV) het 350–400 verkose verteenwoordigers; Nasionale Raad van Provinsies (NCOP) het 90 verteenwoordigers (10 per provinsie) ✓	Kabinet: President, Adjunkpresident Verskeie ministers✓	Verskillende howe regoor Suid-Afrika✓
		Funksies	Maak, wysig en skrap nasionale wette, en hou die uitvoerende gesag aanspreeklik. ✓	Beplan/stel nasionale wette op en implementeer wette wat aangeneem word✓	Besluit oor geskille waar wette oortree is en deel straf uit. ✓
		Voorbeelde	NA en NCOP maak wette soos die Wet op Staatsinligting✓	Implementeer wette en bestuur die land deur departemente soos Binnelandse Sake en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD). ✓	Konstitusionele Hof✓ Hoogste Hof van Appèl✓ Hooggeregshowe (11) ✓ Landdroshowe✓ Distrikshowe✓ Spesiale howe (bv. Klein Eise, Arbeid, ens.) ✓ Tradisionele howe✓
	Provinsiale	**Samestelling**	30–80 lede word met afsonderlike stemming deur nasionale verkiesing verkies.✓	Premier en uitvoerende raad (5–10 lede deur premier uit provinsiale wetgewer gekies) ✓	
		Funksies	Maak provinsiale wette✓	Beplan/stel provinsiale wette op en implementeer wette wat aanvaar word✓	
		Voorbeelde	Wette oor provinsiale onderwys of sport✓	Implementeer wette en bestuur die land deur departemente soos die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) ✓	
	Plaaslik	**Samestelling**	Munisipale raad (verkies deur munisipale verkiesing): Ten volle proporsioneel OF 50/50 proporsioneel verkose en wyksverteenwoordiger✓	Munisipale raad: Burgemeester en uitvoerende komitee OF uitvoerende burgemeester en burgemeesterskomitee (10). ✓	
		Funk-sies	Maak verordeninge vir verskillende munisipaliteite✓	Beplan/stel verordeninge op en implementeer wette wat aanvaar word. ✓	
		Voor-beelde	Wette oor straathandel en eiendomsbelasting. ✓	Implementeer wette en bestuur die munisipaliteit deur departemente soos Finansies✓	

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

Kopiereg voorbehou